# ALEX MOUTON: VOORLOPER: DIE LEWE VAN SCHALK PIENAAR. Tafelberg, Kaapstad, 2002

**191 Bladsye. ISBN 0624039420. Prys: R124,95.**

Schalk Pienaar was 'n omstrede en onkonvensionele koerantman en politieke kommentator. In dié hoogs leesbare boek word die verhaal van sy lewe vir die eerste keer redelik volledig en ronduit vertel.

As stigter-redakteur van die Sondagkoerant **Die Beeld** (1965-1970) - een van die voorgangers van **Rapport** - en hoofredakteur van **Beeld** (1973-1975), het hy 'n reuse aandeel gehad in die totstandkoming van 'n onafhanklike Afrikaanse pers wat die beleid van die Nasionale Party toenemend gekritiseer het. Afrikaners het gevolglik al hoe minder hul leiers blindelings gevolg.

Pienaar se biograaf, Alex Mouton van Unisa, beklemtoon die feit dat Pienaar bygedra het tot die ontwikkeling van 'n Afrikanergewete, veral omdat hy ongeregtighede teenoor swart en bruin mense genadeloos onthul het. Hy was onverdraagsaam teenoor enige vorm van klein apartheid. Volgens Mouton is Pienaar se belangrikste nalatenskap die feit dat hy baie Afrikaners laat nadink het oor die moraliteit van apartheid en om oop te wees vir verandering (p. 164).

Mouton gee 'n boeiende relaas van Pienaar se persloopbaan en lewe. Die boek is goed geskryf en die taalgebruik is ekonomies. Van Pienaar is gesê dat hy met min woorde die ingewikkeldste kwessie so kon stel dat dit vir almal sin gemaak het. Dit is ook die geval met Mouton se biografie.

Schalk Pienaar is op so 'n wyse geskets dat hy weer lewend voor die leser kom staan. Die skrywer slaag uitmuntend daarin om Pienaar se karaktereienskappe uit te beeld. Die verhouding tussen Pienaar en sy jarelange kollega en vriend, Piet Cillié van **Die Burger**, is goed uitgebeeld. Ten spyte van onderlinge verskille in temperament, was hulle 'n gedugte joernalistieke kombinasie.

Plek-plek kry 'n mens egter die indruk dat Mouton darem te kripties en bondig skryf. Volgens hom was Pienaar se Afrikabesoek in 1949 vir hom 'n keerpunt (p. 32), tog wy hy slegs twee paragrawe aan dié besoek.

Die skrywer skets op 'n onderhoudende wyse die stram verhouding tussen Pienaar en dr. HF Verwoerd. Pienaar het Verwoerd nie as mens bewonder of ooghare vir sy dogmatiese sienings gehad nie. By geleentheid het hy na Verwoerd as "die wit god"

verwys. Hy het ook gereeld na Verwoerd as "die verdomde Hollander" verwys. Pienaar het dan ook nooit met Verwoerd oor die weg gekom nie.

Die eerste uitgawe van Nasionale Pers se nuwe Sondagkoerant in die Noorde, **Die Beeld**, het op 31 Oktober 1965 verskyn. Volgens Mouton was "die tyd ryp vir 'n titaniese stryd om die siel van die Afrikaner" (p. 55). Hierdie stryd, waarin Pienaar, **Die Beeld** en Cillié in die voorste linies geveg het teen die Hertzogiete en verkramptes, word in sewe hoofstukke beskryf. In hierdie hoofstukke word 'n insiggewende ontleding gegee van Pienaar se verhouding met onder meer John Vorster. Pienaar het sy veldtog om Afrikaners te oortuig dat verandering ten opsigte van onaanvaarbare rassediskriminasie nodig was, onverpoosd voortgesit. In dié opsig het hy "die karwats van die Afrikaner se gewete" geword (p. 94).

Die titel van die biografie oor Schalk Pienaar is heel gepas **Voorloper**. Mouton wys daarop dat Pienaar se belangrike rol om verandering in die land teweeg te bring op 27 Mei 1994 in die Parlement deur pres. Nelson Mandela gehuldig is. Die boek is dan ook 'n poging om Suid-Afrikaners te herinner aan die weg wat hy help baan het om pres. FW de Klerk se toespraak van 1990 moontlik te maak. Myns insiens het Mouton uitmuntend in sy oogmerk geslaag. Tog voel 'n mens effens onvergenoegd nadat jy die boek gelees het, so asof die helfte ons nie vertel is nie.

Mouton het wyd navorsing gedoen; daarvan getuig al die dokumentversamelings wat hy deurgewerk het. Hy het selfs in Oxford, waar Pienaar vir 'n paar maande student was, 'n draai gemaak. 'n Vyftigtal persone het skriftelike en mondelinge inligting verskaf. Die boek is goed gedokumenteer; daarvan getuig die 507 voetnote. Daar is tien foto's, sowel as 'n treffende foto op die buiteblad. Hierdie boek verdien 'n wye leserskring. Dit behoort saam met JC Steyn se **Penvegter: Piet Cillié van Die Burger** gelees te word. Hierdie twee puik biografieë is noodsaaklike leesstof vir enige persoon wat belangstel in die 20ste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis.

HO Terblanche
Universiteit van Port Elizabeth.